



# KAMMANUUS

Nommer 399 22 Junie 2015  
'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

## Op reis met 'n teerpad vol rys in Manilla

### Hoofstuk 2 Deel iv

**M**anilla is ook een van die stede in die wereld wat omtrent nooit slaap nie. Verskriklik oorbevolk en permanent hardlywig met verkeer. Oral sien jy die alombekende Jeepney, die bus waarmee die bevolking vervoer word. Hierdie voertuig het sy oorsprong uit die Tweede Wêreldoorlog toe die VSA die eilande beset het.

Vandag nog word 'n vreemdeling as Hey Joe aangespreek, 'n oorblyfsel van die GI Joe van die oorlog. Die Jeepney lyk soos 'n kruising tussen die oorlogsjare se Jeep en daardie geel skoolbusse wat steeds gewild is in Amerika. Die Filippyne bou self hierdie gedroegies. Meestal lyk hulle soos vrolike Krismisbome op wiele van al die tierlantyntjies, liggies en plakkers. Feestelike gevaartes.

Die inklemplek is gewoonlik 'n oop gaping met 'n trap aan die agterkant. Die sitplekke in 'n ry teen die vensters af aan elke kant van die voertuig met 'n gangetjie in die middel. Hulle oorlaai hom ook maar soos by ons, darem net nie heeltemal so erg nie.

Ekspats moet nie self probeer bestuur in die Filippyne nie. Hulle het 'n stelsel wat net hulle verstaan. Daar is 'n pikorde in die verkeer wat gebaseer is op die grootte van die voertuig. Hoe groter jou ryding, hoe meer reg het jy op die pad. Is jy dus 'n voetganger is jy die laagste op die lys. Jy gee pad vir 'n fiets, 'n fiets gee pad vir bromponie, 'n bromponie vir 'n motorfiets en so gaan dit aan. Die Jeepney is nommer twee. Eintlik bo-aan, want vragmotors is te lomp en stadig om mee te ding met hierdie voortvliegende gevaarte, die eresimbool van hulle roekelose bestuurders. Gewone sedanmotors is in die middel en viergang voertuie net een kepie hoër.

Ná 'n lekker Engelse brekfis boek ek uit die hotel en vind dat die drywer vandie projek reeds wag met sy een-kepie-bo-die-gemiddelde, splinternuwe 4x4. Klim ek toe mos ewe onskuldig voor langs die drywer in. Groot fout. Eers neem dit ons maklik twee ure net om die buitewyke van Manila te bereik.

Dit gaan teen slakkepas, maar ek verkyk my aan die wemelende mensdom. Ná nog 'n uur op 'n snelweg draai ons af.

Hier begin die sports toe. Ek kon my oë nie glo nie, hierdie mense gebruik elke beskikbare stukkie oop plat aarde om hulle rysoeste droog te maak. En waar kry jy dan nou 'n beter plek as op die teerpad! Daar word net eenvoudig so 'n skuins ry klippe gepak tot op die middellyn van die pad en dan vir so twintig tot dertig meter is een helfte van die ryvlak vol met 'n tapyt van rys.

Honderd meter verder is dit weer so. Met die eerste tekens van reën, en dit reën gereeld daar, word die spulletjie bymekaar gevee op hopies en bedek met 'n seiltjie van plastiek.

Die omgewing is ook bedrywig met kinders en diere. Dit wissel van honde wat oor die rys loop tot by waterbuffels langs die pad. Die pad is nou. Daar is net-net plek vir twee voertuie om by mekaar verby te kom. Verbeel jou nou jy ry voor saam met 'n kamikazidrywer wat teen 100 tot 120 km/h voort donner.

Die aankomende verkeer, meestal Jeepneys, kom aan teen dieselfde spoed! Die nagmerriereis van net ongeveer 200km het 'n volle agt ure geneem. Op die laaste oomblik gee die kleiner een van twee pad, party keer somer heel van die pad af. Ek wou nie eers dink hoe besluit twee ewe grotes wie swaai uit nie.

Daardie dag het ek my eerste grys hare gekry. **(Word vervolg)**

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

[UITGEWER\\_pos@onsdorp.com](mailto:UITGEWER_pos@onsdorp.com)

# Om die kampvuur

## HET JY GEWEET?



Koningin Elizabeth II het in die Tweede Wêreldoorlog as 'n motorwerktuigkundige gewerk.



Koerante kan soms ook maar so bietjie aan die stout kant wees!

## Liegstories

Afrikaans was lank bekend vir sy lekker liegstories (Oom Kaspas, Toon Prens en ander).

♦Soos die een van die ou oom met die sterk verkyker. Hy kon 40 km ver nie net sien hoe die mense by die kerk instap nie, hy kon ook hoor wat hulle sing.

♦Daar was ook die oubaas wat op 'n vreeslike winderige nag iets buitekant hoor raas het. Hy skakel toe sy flits aan, maar toe hy buite kom, gaan die flits dood. So het hy 'n paar keer probeer totdat hy agterkom dis die wind se skuld – die wind waai die ligstraal weg.

## Limeriek

Toe 'n wewenaar L.V. van Vrede besluit om te soek na sy tweede was hy gou in 'n hoek want nog voor hy kon soek Kies 'n weduwee hom onbestrede.

## ONS DORPIES (6)



## Koekenaap

Koekenaap is 'n klein dorpie met 1 500 mense, noordwes van Lutzville. Die dorp het ontstaan vanweë 'n besproeiingskema wat hier begin is in 1928. Vandag is daar 'n spoorweghalte, poskantoor en 'n paar winkels.

- Kleurling 83.8%
- Swart 12.4%
- Blank 3.1%
- Ander 0.3%

Taal

- Afrikaans 89.3%
- Engels 2.2%
- Xhosa 5.2%

## Historiese humor

Oscar Wilde was op die verhoog toe iemand 'n vrot koolkop na hom gegooi het. Sy repliek: "Dankie, Vriend. Elke keer as ek 'n vrot koolkop ruik, sal ek aan jou dink."

## Die herkoms van gesegdes (49)

**Vaalpens.** 'n Vaalpens (bynaam, spotnaam vir 'n Transvaler (Gautenger)

Volgens die Etimologiewoordeboek van Afrikaans is die oorsprong: "1. Lid van die San-gemeenskap in die voormalige Noord-Transvaal. 2. Iemand wat van die voormalige Transvaal afkomstig is (as spotnaam).

In betekenis 1, 'n samestelling van vaal en pens, so genoem n.a.v. die wit letsels op lede van die San-gemeenskap se mae, opgedoen deur kooltjies wat geval het deur die houtraamwerke waarop hulle vuur gemaak het en waaronder hulle in die winter geslaap het.

Andersins word hulle so genoem omdat hulle mae dikwels stowwerig wit was van die grond nadat hulle diere bekruipt het. Betekenis 2 het waarskynlik hieruit ontwikkel omdat diegene...[na wie] dit verwys, in dieselfde streek woon.

# Duskantlander in Anderkantland

## Akkra kry sy tien jaar reën

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

**E**lke tien jaar reën dit hier in Akkra so erg dat mense vir 'n dekade later vir hulle kinders daarvan vertel. In die loop van 'n paar dae is die totale reënval meer as twee jaar se totaal. Dis weer sulke tyd. Laas toe dit so was, het my nat wasgoed gemuf. My kindertjies was soos groot honde in 'n krat; opgeskeep met hulleself en wou net heelyd uit!

Wanneer dit so woens reën, kan jy nie anders as om aan Noag te dink nie. Wanneer jy sien hoe minibusse en viertrek voertuie soos kurkproppies in waterslote afdryf, besef jy hoe sterk is water. Noag moes sy storie geken het.

Dae lank aaneen stortreën dit. Swaar wolke hang net bdie huisdak, verskemer die daglig en emmersvol sak uit. Die grondwatervlak is versadig. Water stroom bo-oor die stoepie tot teenaan die glasdeure, die voordeur se matjie dryf soos water instoot.

My kat Misca lê op die hoogste stoeleuning en loer na buite. Waar gaan die voëls om droog te bly? Almal het tog nie waterdigte neste nie. Hoe maak die derduisende vrugtevlermuise as hulle nie elke aand kan wegvlieg om vrugteboorde te gaan plunder nie? Vrek hulle maar van honger, of versuip hulle waar hulle so onderstebo in bome hang?

Die ellende is oral op die nuus. Mense soek skuiling onder 'n vulstasie se afdak en honderd plus siele ontkom in 'n ernstige ontploffing. Ons nuuslesers rapporteer van drenkelinge en eiendomskaade.

Die hele stad is sonder krag en diesel vir opwekkers is so skaars soos hoendertande. Akkra is gebou met oop rioolslote wat met goeie reënval veronderstel is om oop te spoel. Die ligging van die stad; plat langs die see - beplan vir vierhonderdduisend inwoners, maar met meer as vier miljoen siele, se sommetjies werk nie. Iedere inwoner dra by tot die probleem van plastiek-besoedeling.

Gister het ek pannekoek gebak, maar dis nie dieselfde nie want die temperatuur haak op 32 grade vas, reën of te nie! Met 100 persent humiditeit is dit beknop en vrek warm.

Reënkyk is net soos vuurkyk in die aand. Ons het diepsit kampstoele staan gemaak op die stoep en reën gekyk met rooiwyn in die hand. Te mooi. Vannaand maak ek vetkoek en kerrievulsel vir ons beplande reënkyk.

In Namibië loop ek gereeld uit in die reën, staan sopnat, arms uitgestrek, gesig na bo, tong uit, en proe. Daarso proe vars reënwater na stof, soetwater met 'n sout nasmaak.

Hier is dit heel anders, die reën is bedompig, ruik na brandskaap en proe soos droë bokkems, en biltong sonder sout en lawwe asyn. In Namibië wag jy die reën in, vir dae lank bondel en pak die wolke saam. Hier in Akkra is die geboue op 'n knop ingeryg, jy hoor die reën lank voordat jy dit sien of ruik.

Die meeste skole is vandag gesluit. Mense sukkel om betyds by die werk te wees, daar's oral waterstrome, padskade en bome oor die pad. Ek hoor kindertjies se uitgelate gille en gaan kyk wat aangaan. ulle is kaalvoet, deurnat, malkop besig om rond te hol en speel in die straat voor ons huis. Hulle voel sekerlik soos honde vasgevang in 'n krat.

Die voëls gaan tekere asof hulle weet waar Noag se ark geparkeer is. Daar is 'n vendusie van kraaie langs die watervoor en 'n bok dryf in die waterslote, dik pens en pote in die lug.

Dit reën nog – net sag, maar daai bok dryf fluks see se kant toe.


**Kennis se grootste vyand is nie onkunde nie, maar die illusie van kennis.**

– Stephen Hawking.

**'n Geweer is soos 'n valskerm. As jy een nodig het en dit nie het nie, gaan jy dit nooit weer nodig kry nie.**

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## TE OUD!

Die kontrakteur sterf en beland in die hemel, waar hy met 'n groot fanfare begroet word.

"Veels geluk!" sê Petrus. "Jy het tot die rype ouderdom van 165 jaar geleef. Niemand het nog sou oud geword nie!"

"Nee," sê die kontrakteur. "Daar moet 'n fout wees. Ek was maar 40 toe ek dood is."

"Jý maak 'n fout," sê Perus. "Ons het al die tyd wat jy gewerk het bymekaar getel en daar is geen manier wat jy net 40 kan wees nie."

## NET NIE HY OOK NIE!

Twintig jaar gelede het ons Johnny Cash, Bob Hope en Steve Jobs in lewende lywe gehad.

Nou het ons geen kontant, geen hoop en geen werk nie.

ASSEBLIEF!

Moet tog nie dat Kevin Bacon sterf nie!

## HOENDER OF EIER?

Die professor probeer 'n klasgesprek aan die gang kry en stel sy studente die ou strikvraag oor wie eerste was, die hoender of die eier.

"Wat dink jy, meneer?" vra hy vir 'n student uit Brakpan.

"Nee, ek weet nie," sê die ou. "Ek het nie eens geweet hulle het *gedice* nie."

## DIESELFDE PROBLEEM

'n Dominee wag geduldig in 'n lang ry motors by die vulstasie. Almal maak vol vir die komende langnaweek.

Die pompjoggie gaan haastig te werk om die wagtendes te help. Eindelik wink die joggie vir die dominee na 'n oop pomp.

"Dominee, ek is jammer vir die lang gewag, maar dit is asof almal tot op die laaste nippertjie uitstel om hulle sake in orde te kry."

Die dominee lag skalks. "Ek weet presies wat jy bedoel. Dit is dieselfde met my besigheid!"

## ROTTE

Suid-Afrikaanse wetenskaplikes het 'n bestelling vir 50 staalhokke vir laboratoriums geplaas.

Proefnemings wat voorheen op rotte gedoen is, gaan nou met politici gedoen word.

Die wetenskaplikes sê hulle raak te gehag aan die rotte.

## AANDETE

"Moenie vra wat jy vir jou land kan doen nie; vra wat is vir aandete."

-- Sophia Loren.

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker en Hart



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Boer wen sy saak teen prokureur

'n Boer, Piet, was in 'n motorongeluk en dagvaar die vervoermaatskappy van die trok wat in hom vasgejaag het. In die hof is die vervoermaatskappy se prokureur besig om hom te ondervra:

"Het jy op die ongelukstoneel gesê: "Ek's orraait!", vra die prokureur.

Piet: "Wel, kom ek vertel jou wat gebeur het. Ek het net my gunsteling koei, Bessie, op die sleepwa gelaai en ..."

Die prokureur val hom in die rede: "Ek vra nie vir detail nie, antwoord net die vraag. Het jy, op die ongelukstoneel gesê: 'Ek's orraait!' Ja of nee?"

Piet: "Wel, ek het net vir Bessie op die sleepwa gehad en ek was skaars op die pad ..."

Die prokureur val hom weer in die rede en sê aan die regter: "Edelagbare, ek probeer net vasstel of hierdie man op die ongelukstoneel, aan die verkeersman gesê het dat hy orraait is. Nou probeer hy my kliënt dagvaar. Ek glo vas hy is 'n bedrieër. Sê asseblief vir hom hy moet net die vraag beantwoord."

Teen hierdie tyd is die regter al redelik geïntresseerd in Piet se storie oor Bessie, en sê vir die prokureur: "Ek wil graag sy storie oor die koei hoor."

Ou Piet bedank die regter en gaan voort met sy storie.

"Wel, soos ek gesê het, ek het net vir Bessie op die sleepwa gelaai en was op die pad toe daar skielik 'n moerse trok van die kant af kom, 'n stopstraat skiep en my bakkie en sleepwa in hulle moer in ry.

"Ek is eenkant toe in 'n sloot gegooi en Bessie anderkant toe in 'n ander sloot. Ek was seer, nogal erg seer en kon nie beweeg nie. In elk geval, ek het toe vir Bessie gehoor kerm en ek het geweet sy is ook in erge pyn, net deur te luister na haar kreune.

"Nou, net na die ongeluk, kom daar 'n spietkop op die toneel aan en hy het ook Bessie se gekerm gehoor en het toe nader aan haar gegaan. Nadat hy na haar gekyk het en die toestand gesien het waarin sy was, het hy sy pistool uitgetrek en haar tussen die oë geskiet ...Morsdood!!"

"Toe kom die spietkop oor die pad na my kant toe, met sy pistool steeds in sy hand, en hy vra: "Hoe voel jy?" "

"Nou vertel vir my, meneer prokureur, wat de hel sou jý vir hom gesê het?"



### Twee ou maats ontmoet mekaar

Koos loop vir Hans, 'n ou skoolvriend van 45 jaar gelede op Margate raak en gaan drink 'n dop saam.

Koos: "Ek het 'n nyweraar geword en 'n groot fabriek gehad, toe breek daar 'n brand uit en vernietig alles. Gelukkig was ek goed verseker en die versekeraars het alles uitbetaal, so dis hoekom ek darem nou gerieflik kon aftree hier op Margate."

Hans: "Ek het 'n boer geword langs die Oranjerivier naby Upington en dit omskep in 'n wynplaas, maar toe kom daar 'n vloed en oorstrom alles. Gelukkig was ek ook goed verseker, en dus kon ek ook nou kom aftree."

Koos: "Hoe begin 'n mens 'n vloed?"

### VREEMDE GEDRAG

'n Man kom by die kroeg in, stap teen die muur op, al met die plafon langs en loop teen die ander muur af.

Dan gaan sit hy by die kroegtoonbank, bestel 'n dubbele brandewyn, betaal, sluk dit af en stap uit.

"Dit was baie reemd," merk 'n vreemdeling in die kroeg op.

"Ja, nogal," beaam die kroegman.

"Gewoonlik drink hy net 'n bier.



# Hoe om 'n kar te diens

## VROU

1. Ry na jou naaste dienssentrum toe sodra die motor 10000 km gedoen ná sy laaste diens.
2. Drink 'n gratis koppie koffie en lees die gratis koerant terwyl jy wag vir die drywer om jou huis of werk toe te neem.
3. Jy word geskakel en dieselfde drywer kom haal jou later die dag.
4. Hulle gee jou 'n verslag waarin daar staan hulle het die olie en die vonk-proppe vervang. Hulle gee jou die ou vonkproppe terug.
5. Jy betaal R580 en ry huis toe met 'n wete dat dit ordentlik gediens word.

**Bedrag bestee: R780**

## MANS

1. Wag tot Saterdag. Ry na onderdelewinkel waar jy gesien het hulle het *specials*. Koop vyf kanne olie en kry een gratis by. Koop 'n oliefilter en handreiniger en kry 'n gratis lugverfrisser-hangertjie. Koop 'n sak houtskaafsels om enige olie wat dalk kan mors, op te vang. Betaal maar R430 vir als saam.
2. Stop by die drankwinkel om jou goeie sakevernuf te vier. Koop 'n kas bier, 'n kas Coke en 'n bottel Richelieu met jou winste. Kry weer afslag en betaal net R170 vir als. Stop by die slaghuis en kry biltong vir die rugby later vanmiddag nadat jy die kar gediens het.
3. Ry huis toe en drink 'n bier vir al die dorswerk tot nou toe. Hys die kar op. Soek 30 minute na die bokkies. Kry hulle onder die woonwa.
4. Sit 'n oliepan onder die enjin. Maak die olieprop los en laat hom in die pan met die warm olie val. Daar mors van die warm olie op jou. Vloek en swets.
5. Kruip uit onder die motor om die olie van jou gesig en hande af te vee. Gooi skaafsels waar jy olie gemors het.
6. Sit agteroor en drink 'n bier terwyl jy wag vir al die olie om uit te loop. Spandeer dan 20 minute om die oliefilter se sleutel te soek. Gee op en wetter sommer 'n skroewedraaier deur die filter en draai hom daarmee los.
7. Kruip onder die kar uit met olie wat oral van die filter afdrup. Gooi skaafsels en drink nog 'n bier.
8. Sit die nuwe filter op en maak seker hy seël mooi deur eers 'n dun lagie olie aan sy *gasket* te smeer.
9. Maak 'n vyfliter oliekan oop en gooi dit in. Onthou skielik van die olieprop in stap 4. Duik onder die kar in om die prop in die oliepan te soek.
10. Ontdek dat die hele vloer skielik vol vars olie is. Gooi nog skaafsels en maak 'n bier oop.
11. Laat glip die vol bier uit jou olierige hande en bemors die deel van die vloer wat nog nie olie op het nie.
12. Gooi skaafsels. Skaafsels is op. Kry nie sand nie. Gooi koerantpapier.
13. Kruip weer onder die kar in en kry skaafsels in jou oë. Vee jou gesig af met die olierige lap waarmee jy die olieprop afgevee het. Die sleutel glip terwyl jy die prop probeer vasdraai en jy verloor 'n paar nerwe teen die bakwerk.
14. Raak woes aan't vloek sonder om woorde te herhaal. Gooi die sleutel. Tref die glasbottel vol moertjies en boutjies.
15. Tel moertjies en boutjies en glasstukke op terwyl jy nuwe vloekwoorde uitprobeer. Sny 'n vinger met 'n glasstuk. Bier. Verbind bloeiende hande. Bier. Gooi nog 'n blik olie in die kar en laat sak die kar.
16. Toetsbestuur die kar. Word afgetrek en vir dronkbestuur aangekla.
17. Skakel jou lieve vroujie om borggeld te bring.
18. Gaan haal jou kar die volgende dag uit die skut.

### Koste:

Olie en ekstras	R 430
Drank	R 170
Boete	R2000
Skutgeld:	R 400

**Totaal bestee R 3000**

**Gelukkig weet jy die werk is ordentlik gedoen!**

# Stamboom

## Help ons familiesoekers

**BEHR** [reapike@gmail.com](mailto:reapike@gmail.com)

Andries Behr - 24/03/1945 of 46 in Namibië.

**DORAAN-ESTERHUIZEN** [lgesterhuizen@hotmail.co.za](mailto:lgesterhuizen@hotmail.co.za)

Ek wil graag meer inligting bekom oor die vanne Doraan en Esterhuizen wat in die Noordkaap Upington, op die plaas Vreede gewoon het.

**LOMBARD** [info@lombardfamily.co.za](mailto:info@lombardfamily.co.za)

Ek doen navorsing oor die Lombard-familie. Die navorsing is tot by Pierre Lombard van Franse afkoms.

**MATTHEE** [nannettematthee@gmail.com](mailto:nannettematthee@gmail.com)

Ek is op soek na addisionele inligting oor Abraham Johannes Matthee, gebore 1870 en oorlede 1926. Hy was getroud met Gezina Margaretha Maria Matthee (Downey) gebore 1868 en oorlede 1952. Ek het inligting oor hul kinders, maar kry geen inligting oor hom nie.

**SHEPHERD** [hannetjie@midbolt.co.za](mailto:hannetjie@midbolt.co.za)

My pa was Pieter Thomas Shepherd gebore 16 November 1913. Ek wil graag uitvind van die Shepherds wat geïmmigreer het, vanaf Engeland, om my pa se familie op ons stamboom te plaas. My ouma was 'n nooi Roux en Manneljies Roux was 'n neef van my pa. So 'n broer van my ouma.

**SMIT** [alfa7774me@yahoo.co.uk](mailto:alfa7774me@yahoo.co.uk)

Francois Smit, gebore 1833 en sterf 1919. Getroud, vermoedelik tweede huwelik, met Maria Johanna Buckel, gebore 1854 en sterf 1933.

**VAN DER BERG / VAN DEN BERG** [info@lombardfamily.co.za](mailto:info@lombardfamily.co.za)

Ek doen navorsing oor die Van der Berg-familie en het hulle terug getrek tot aan die Kaap.

**VAN DER WALT** [riekie31@mobileemail.vodafonsa.co.za](mailto:riekie31@mobileemail.vodafonsa.co.za)

Ek is op soek na 'n Jan van der Walt wat in 1962 in Pietersburg gebly het. Hy het by die ou kragstasie en later by die spoorweg gewerk. Sal graag met hom of een van sy kinders in verbinding wil tree. Ek het net 'n foto van hom, geen verdere inligting nie. Groete Anne-Marie du Plessis.

**VAN NIEKERK** [paulas@mweb.co.za](mailto:paulas@mweb.co.za)

Jacob Adriaan Johannes De Villiers van Niekerk \*1824 Koeberg- +1894 Vryburgh.

**VAN ZYL** [paddickvanzyl2@gmail.com](mailto:paddickvanzyl2@gmail.com)

Op soek na meer informasie oor my Oupa : Zacharias Christiaan de Wet van Zyl, gebore Maraisburg en oorlede in Germiston, 1963. Ouma Violet Elizabeth Van Zyl (nee Paddick), gebore Port Elizabeth en oorlede in Germiston 1983. Dankie. Paddock van Zyl.

## SOMMER NET LAWWE GRAPPIES

Suid-Afrikaanse wetenskaplikes het 'n bestelling vir 50 staaalhokke vir laboratoriums geplaas.

Proefnemings wat voorheen op rotte gedoen is, gaan nou met politici gedoen word.

Die wetenskaplikes sê hulle raak te geheg aan die rotte.

Die mamma help haar seuntjie met sy ritssluiters.

"Die geheim is," sê sy, "is om hierdie twee hakies regoor mekaar te kry," en sy doen dit.

"O," sê hy. "Hoekom is dit 'n geheim?"

'n Man stap die biblioteek binne en vra 'n boek oor selfmoord.

Swart biblioteekaresse: "Hé wéna voetsek! Wie gaan die boek terugbring?"

Die huwelik is 'n manier om te voorkom dat mense met wildvreemdes baklei.

'n Mens maak nie voetspore bo-op 'n duin as jy die hele dag net op jou gat bly sit nie.

-- Ou Arabiese spreuk



## Dis baie lekker om 'n Duskantlander te wees!

1. Jy kan rou, gedroogde vleis eet sonder dat dit iemand afsit.
2. Niks is jou skuld nie - jy blameer dit op apartheid.
3. Jy kan elke drie maande 'n nuwe kar kry, en die versekering betaal selfs daarvoor.
4. Jy kry patetiese diens in elf amptelike tale.
5. Jy kan treine afbrand omdat hulle laat is, en die volgende dag kan jy die stasies afbrand omdat daar nie treine is nie.
6. Dis al land ter wêreld waar stakende werkers dans en sing om te wys hoe kwaad hulle is.
7. Hulle dink jy is lomp as jy nie jou selfoon gebruik, CD's omruil, 'n koeldrank drink, jou grimering versorg en 'n sigaret aansteek en die koerant lees onderwyl jy teen 160 km/h in 'n 60-sone ry nie.
8. As jy in Johannesburg, kan jy spog jy bly in die wêreld se gevaarlikste stad.
9. Diefwering verhoog die waarde van jou eiendom.
10. Jy mag jou erf se mure met doringdraad en bottelstukke versier.
11. Die wegsleepwaens is altyd eerste op die toneel van 'n misdaad. Vir die polisie moet jy drie keer bel, en duim vashou.
12. Die polisie vra jou of hulle die misdaad wat jy aanmeld, moet opvolg.
13. 'n Moordenaar kry ses maande tronkstraf, en iemand sonder 'n TV-lisensie kry twee jaar.
14. Tronkvoëls mag staak en in die verkiesing stem.
15. Die polisiekantore het noodalarms wat geaktiveer word as hulle beroof word.
16. Kondome is gratis, en vir plastieksakke betaal jy.
17. Politici styg in die regering se hiërargie as hulle misdaadrekords het.

Ja nee, dis al te lekker hier!

**Almal wat vliegtuie gebruik, het dalk al gewonder hoekom volle liggaamskanderings hoegenaamd nodig is.**

**Hier is 'n opsomming van hoe effektief dit is.**

FISKALE JAAR 2014

### LYFSKANDERINGS BY LUGHAWENS

Terroriste ontdek	0
Transvestiete	133
Breuke gevind	1 485
Passasiers met aambeie	3 172
Vergrote prostaatklere	8 249
Borsinplangings	59 350
Pasaangeërs	3 443
Natuurlike blondines	3

Daar is ook gevind dat 308 parlementariërs geen knaters het nie.

**Net in geval julle dalk wou weet.**



## Aankondigings op die Londense moltreine

Hierdie is ware opgetekende aankondigings wat op die Londense "tube" gemaak is:

- ▶ "Dames en here, ek vra verskoning vir die vertraging in ons diens. Ek weet julle brand almal om by die huis te kom, behalwe as een van julle dalk met my vorige vrou getroud is. As dit die geval is, moet daardie persoon na die westelike roete oorklim en in die teenoorgestelde rigting reis."
- ▶ "Vanaand se vertraging word veroorsaak deur die lynkontroleur, wat aan die E&A eindroom ly. Dit beteken hy ken nie die verskil tussen sy elmboog en sy agterent nie. Ek sal julle op die hoogte hou met enige veranderinge."
- ▶ "Dames en here, ons vra verskoning vir die vertraging, maar daar is 'n sekuriteitsprobleem by Victoria-stasie. Ons mag vir die afsienbare toekoms hier gestrand wees, so kom ons hou op om daarvoor te tob en geniet die tydjie saam. Almal saam nou: 'Ten green bottles, hanging on the wall . . .'"
- ▶ "Bedel is verbode op hierdie trein. Moet asseblief nie hierdie beroepsbedelaars ondersteun nie. As jy los geld het, gee dit aan 'n erkende welsynsorganisasie. As jy nie van so iets weet nie, kan jy die geld sommer vir my gee."

## Trônsvôlers hou nie baie van Slôpstôd nie



"As jy in Gauteng bly soos ek," het **Debbi-Shay** gekla, "is daar min om voor te lewe. So ek en Vleis het ons hoop op die Kaap gevestig, maar dis vervelig. Al wat die branders doen, is hulle gaan in en kom uit. 'n Mens kan ook nie saam met dolfyne swem nie."

**Suzy van Sandton** sê sy het gedink die kleurlinge dra heeljaar karnaval-grimering en speel goed soos *Hie' kommie Alabama* op hul ukeleles.

"Toe ons vir een vra om iets te sing, het hy iets van my ma se Porsche gesê, wat simpel is, want sy ry 'n Bentley," het Suzy gekla.

**'n Besoeker van die Oos-Rand** het oor die vis gekla. "Die Kaapse vis smaak dan na vis, nie na hoender en beenmeel soos in Gauteng nie," was sy lamente.

"En die mense kyk jou skeef as jy Coke saam met jou rooi wyn drink, of jou cherrie stuur om vir jou 'n *refill* te kry en siegrete te koop!"



## Amerikaners bly maar 'n vreemde nasie!

'n Mens kan nie anders nie as om te dink dat die Amerikaners nie baie slim is nie as jy kyk na die lawwe waarskuwings op hul produkte. Of dalk is hulle net 'n nasie waar almal rede soek om hof toe te gaan?

- ♦ Die waarskuwing op 'n babastootwaentjie lui: "Verwyder kind voor jy opvou." Klink heel oorbodig, maar skynbaar is daar Amerikaners wat die stootwaentjies met baba en al opvou.
- ♦ Op 'n bottel gegeurde melk: "Hou regop nadat oopgemaak is." Vir ander nasies is dit vanselfsprekend, maar nie vir die Amerikaners nie . . .
- ♦ Op 'n spuitmiddel teen insekte: "Dood alle soorte insekte. Waarskuwing: Hierdie sproei is skadelik vir bye." Nou toe nou!

Hy was 'n baie ywerige prokureur. Hy het selfs sy dogter Sue genoem.

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



“

"Sê asseblief vir my hoe doen 'n man 'n nommer 1? Is dit 'n onder toe en bo-oor, of is dit sylangs, links of regs, uit en oor?"

Deur MARNUS STEYN

Tien jaar gelede was die koop van onderbroeke nie juis 'n kuns nie. 'n Mens koop sommer 'n tienstuks of meer. Hulle is nie duur nie en maak nie 'n gat in jou salaris nie en hou vir jare.

Dit was tien jaar gelede. Voor die Sjinese inval in ons land. Vroulief sê vir my dat my onderbroeke haas, op een na, gedaan is. By nadere inspeksie bevestig ek haar bevinding. Gate en slytasie het hulle merk gelaat.

Laas Saterdag besluit ons om na Helderwater-winkelkompleks te gaan om 'n kaaskoek en koffie by die "Beker en Boon"-restaurant te gaan nuttig en terselfdertyd vir my te gaan onderklere koop.

Na die koffie en kaaskoek gaan ons na die "Wollie-winkel" toe. Het niks waarin ek belangstel nie. Hou nie die "Ruiter"-maak aan nie.

Dit is n geskiedkundige plaaslik vervaardigde produk van faam. Ons moet na Edgar se winkel gaan. Hulle is die amptelike verkopers van "Ruiter" onderklere vir mans. Dis net daar dat hierdie ou man sien dat dinge begin skeef loop. Die "Wollie-winkel" is so groot dat ons nie die voordeur kan vind nie! Ons loop hierdie kant toe en dan verander ons koers om net in nog 'n muur vas te loop. Van werksmense is daar omtrent niemand te sien nie. Eindelik is ons daar uit.

Nou na Edgar se winkel toe. Ek moet kort-kort 'n blaaskans neem, dit het nie iets met my blaas te doen nie, ek het in 2000 'n rugoperasie gehad. Ek kan nie ver loop nie. My rug dring aan op 'n ruskans om my oë kans te gee om na die mooi jong poppies te kyk.

Na die gerus is ons binne Edgar se groot winkel. Ook weer so 'n paar draaie onnodig gemaak omdat die aanwysings so vrot is. Eindelik, met die roltrap op na die eerste vloer, ontdek ons die mansafdeling. Nog 'n halflewende padwyser gee ons advies waar ons die mansonderbroeke kan besigtig.

Nou soek ek weer n sitplek! Nêrens is daar iets wat soos 'n sitplek lyk nie. Vir ons oues van dae, of mense met 'n gebrek, word nie voorsiening gemaak nie. Dit is asof hulle vir jou sê: "Bly by die huis! Ons kan nie nog geld op julle kroks spandeer om gratis sitplek aan julle te voorsien nie!"

Dit is nou net hier waar ek die donner in geraak het. Alles oor onderbroeke! Daar is rakke vol, met hangers waaraan daar aan elkeen tien of wat verpak-kings, hang. Aan kleure skiet daar ook geen tekort nie.

Mansonderbroeke? Waarvan praat jy ou swaer? Dis net panties waar jy kyk! Honderde panties in die mansafdeling!!!

Ek kry eindelijk n manspersoon wat daar werk. "Waar kan ek na mansonderbroeke kyk," vra ek hom.

"Meneer, jy kyk na dit!"

"Hierdie is nie mansonderbroeke nie, dit is panties," sê ek.

Ek sê vir die ou hy moet die bestuurder gaan roep.

Die bestuurder is toe 'n jongerige dame.

"Dame, is u die bestuurder?," vra ek.

Nou moet ek ook noem dat alles in Engels gesê word.

Sy bevestig haar posisie.

"Waar is julle mansonderbroeke, want wat ek sien is net panties!"

"Meneer, dit is ons mansonderbroekreks voor u."

Dit wat aan't gebeur is, laat my terugdink toe ek 'n paar jaar gelede vir my kortbroeke wou gaan koop. Dit was ook iets wildvreemds vir my. Was dit lang

kortbroeke, wat so effens onder my knieë gehang het, of was dit kort langbroeke?

Maar die ergste was dat van die goed nie 'n ritssluiters of knope voor gehad het nie! Met alle respek, wie, met sy brein op die regte plek, besluit om sulke gemors aan te hou? Dit kan net iemand wees wat niks op 'n plek het waar 'n man iets op 'n plek het nie!! Dit kon dus net 'n vrou wees wat die aankope vir die goed gedoen het.

'n Oproep na hul hoofkantoor in Kaapstad het dit bevestig. Ek gaan nou nie daarvoor uitbrei nie.

Die bestuurder van Edgar se winkel staan nog voor my.

"Sê asseblief vir my hoe doen 'n man 'n nommer 1? Is dit 'n onder toe en bo-oor, of is dit sylangs, links of regs, uit en oor? Wel, ek het nog nooit gesien dat die 'apparaat 'n S-draai kan maak nie! Of is dit die bewys van vrouehaat teenoor mans dat hulle nou moet gaan sit om water af te slaan?

"Meneer, sê sy, dit is soos dit is. Dit is die mode!"

"Het julle enigsins 'n idee hoe werk 'n man se waterwerke?", vra ek haar.

Ek stap na die rak met lang kortbroeke en neem een sonder 'n ritssluiters.

"Demonstreer asseblief vir my, indien jy nou 'n man was en jy het hierdie broek aan in kombinasie met 'n mans-pantie, hoe gaan jy die joppie doen?"

Dit was die einde van die gesprek en ons is vort sonder enige panties. Vroulief sal maar die stopnaald en gare moet opdiep om die oes te red. Of sy sal soos vanslewe onderbroeke vir my moet maak van "selfraising-meelsakkies!

Broers, ons het 'n probleem! Ons sal moet opruk en toi-toi vir mansonderbroeke en ander, met 'n gup! Daar geen manier dat ek gaan sit om te piepie nie!!!!

Weg met manspanties!

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 6 JULIE 2015**